

NONGQAI

taal- en stylversorging



ONS STYL-NORME VIR EENVORMIGE TEKSVERSORGING

Die Redaksie

AGTERGROND:

NONGQAI is 'n tydskrif. Dit is volledig afhanklik van die interessante en wetenskaplike bydraes wat u so gereeld vir ons instuur. Die laaste ding wat ons as redaksie dus wil doen, is om u te loop staan en irriteer deur, soos oor-puntenerige skoolmeesters, te begin erg voorskriftelik raak.

Dit is bygevolg ons beleid om nie te torring aan die inhoud van bydraes nie. Maar dis tog so dat enige publikasie netjieser vertoon (en dan gevolglik meer geloofwaardig oorkom) as daar breedweg eenvormigheid van formaat is en die taal met die nodige respek hanteer word. Daarom dat ons wel basiese taal- en formaat-versorging van bydraes doen – meeste bydraers vra dan ook in werklikheid dat ons darem bietjie 'n ogie moet gooi oor hulle pennevrug en “regmaak waar nodig” (as u egter wil hê ons moet u stuk “soos ontvang” publiseer, dan sal ons dit so doen – net met die nodige vermelding van u wens).

Die vraag wat u as bydraers nou met reg kan vra, is: wat is **NONGQAI** se norme betreffende formaat en taalversorging? Het ons 'n styl-handleiding? Die antwoord is: JA – hierdie artikel is juis dit.

Ons hoop dit sal vir u as ons hoogs gewaardeerde bydraers van praktiese hulp en nut wees, en ook vir die ander lesers ter verduideliking sal dien van hoekom ons byvoorbeeld range in Afrikaans met kleinletters skryf (dis bepaald nie om die rang-draers se statuur aan te tas nie!).

Ons gaan dan ook sommer met daardie punt afskop in die eerste gedeelte hiervan, oor taalversorging. Daarna sal 'n kort afdeling volg oor die formaat (dinge soos A4 bladsy-grootte, lettertipe ens.) en dan ten laaste een en ander oor kopiereg (as u bv. vir ons fotos aanheg by u bydraes, wat u uit ander bronne oorgeneem het).

A. TAALVERSORGING

1. HOOFLETTERS / KLEINLETTERS:

1.1 Voorname, byname, voorletters en vanne begin met hoofletters

Die “**Afrikaanse Woordelys en Spelreëls**” (AWS) 9.3 bepaal dat **eienaamwoorde** met hoofletters geskryf word. Dit beteken in ’n rits name is dié dele van die naam wat pertinent eienaamwoorde is dus met ’n hoofletter: *Jana Luther, Marlie Coetzee*.

Hierdie reël geld ook vir **byname** (*Koekie Koekemoer, Rooigert Harmse, Vleis Visagie*), **voorletters** (*JM Coetzee, André P Brink*), **dubbelloopvoornaam en -vanne** (name en vanne met koppeltekens) (*Anne-Marie Beukes, Jan-Hendrik Coetzee, Anna Neethling-Pohl*) en **voornaam of vanne wat uit meer as een eienaamkomponent bestaan** (*Sophia Margaretha Jacoba Kapp, Peet Janse Groenewald*).

AWS 9.3 (d) bepaal dat **lidwoorde, voegwoorde of voorsetsels** wat in ’n eienaamwoord voorkom met ’n kleinletter geskryf word. As jou voornaam of van ’n woord in het soos *van, der, de, du, le* of *la* is daardie woorde met ’n kleinletter as dit in die middel van die lang eienaam voorkom: *Jan van Tonder, Gert van der Westhuizen, E du Preez, Grootvoet la Grange, NP van Wyk Louw, Rooigert Janse van Vuuren, Christo van Rheede van Oudtshoorn*.

As dié lidwoord, voegwoord of voorsetsel egter aan die begin van die eienaam voorkom, kry dit ’n hoofletter om vir die leser aan te dui dat dit deel is van die eienaam en nie die gewone sin nie. As jou voornaam of van met ander woorde ’n lidwoord, voegwoord of voorsetsel in het en daar is **geen ander element van die eienaam** (soos voorletters of ’n voornaam) voor dié woorde nie, skryf jy dit met ’n hoofletter: *Van Tonder, Van der Westhuizen, Du Preez, La Grange, Van Wyk Louw, Van Rheede van Oudtshoorn*

In ’n tabel lyk die voorbeelde so:

Voornaam/ voorletters/ bynaam	lw. / voegw./ voors.	Voornaam/ voorletters/ bynaam	lw. / voegw./ voors.	Van	lw. / voegw./ voors.	lw. / voegw./ voors.	Van
<i>Jana</i>							<i>Luther</i>
<i>JM</i>							<i>Coetzee</i>
<i>Rooigert</i>							<i>Harmse</i>
<i>Anne-Marie</i>							<i>Beukes</i>
<i>Anna</i>							<i>Neethling-Pohl</i>
<i>Jan</i>					<i>van</i>		<i>Tonder</i>
<i>Gert</i>					<i>van</i>	<i>der</i>	<i>Westhuizen</i>
<i>Rooigert</i>				<i>Janse</i>	<i>van</i>		<i>Vuuren</i>
<i>Christo</i>			<i>van</i>	<i>Rheede</i>	<i>van</i>		<i>Oudtshoorn</i>
<i>NP</i>	<i>van</i>	<i>Wyk</i>					<i>Louw</i>

As 'n mens telkens die inligting in die eerste kolom wegneem, kry die eerste woord van die eienaamgedeelte wat daarop volg die hoofletter:

Eerste voornaam/ voorletters/ bynaam	lw. / voegw./ voors.	Tweede voornaam/ voorletters/ bynaam	lw. / voegw./ voors.	Van	lw. / voegw./ voors.	lw. / voegw./ voors.	Van
					<i>Van</i>		<i>Tonder</i>
					<i>Van</i>	<i>der</i>	<i>Westhuizen</i>
				<i>Jansen</i>	<i>van</i>		<i>Vuuren</i>
			<i>Van</i>	<i>Rheede</i>	<i>van</i>		<i>Oudtshoorn</i>
	<i>Van</i>	<i>Wyk</i>					<i>Louw</i>

1.2 Taalbenamings

Die name van tale word met hoofletters geskryf. Byvoorbeeld:

- *Afrikaans, Engels, Grieks, Tswana*

'n Saamgestelde taalnaam bestaande uit 'n selfstandige naamwoord plus 'n basiese taalnaam word sonder 'n koppelteken geskryf. Byvoorbeeld:

- *Kanselafrikaans, Koerantafrikaans, Spreektaalafrikaans, Rugbyafrikaans, Skryftaalafrikaans*

'n Saamgestelde taalnaam bestaande uit 'n geografiese naam plus 'n basiese taalnaam, word sonder 'n koppelteken vas geskryf. Byvoorbeeld:

- *Oosgrensafrikaans, Oxfordengels, Pretoriasotho, Sandveldafrikaans, Sowetozeloe, Weskusafrikaans*

'n Saamgestelde taalnaam bestaande uit die naam van 'n gebruikersgroep plus 'n basiese taalnaam, word sonder 'n koppelteken vas geskryf. Byvoorbeeld:

- *Establishmentafrikaans, Indiërafrikaans, Mynwerkersafrikaans*

'n Saamgestelde taalnaam bestaande uit 'n onverboë byvoeglike naamwoord plus 'n basiese taalnaam word sonder 'n koppelteken vas geskryf. Byvoorbeeld:

- *Gemeengermaans, Hoogduits, Hooghollands, Oudengels, Oudhoogduits, Oudnederfrankies, Oudnoors, Oudsaksies*

'n Saamgestelde taalnaam bestaande uit 'n voorvoegsel plus 'n basiese taalnaam word sonder 'n koppelteken vas geskryf. Byvoorbeeld:

- *Oergermaans, Oerslawies, Paleogrieks, Pseudolatyn, Superafrikaans*

'n Saamgestelde taalnaam bestaande uit 'n afleiding van 'n geografiese naam plus 'n basiese taalnaam, word met 'n koppelteken vas geskryf. Beide dele word met hoofletters geskryf:

- *Kaaps-Hollands, Kontinentaal-Germaans, Tirols-Duits*

'n Saamgestelde taalnaam waarvan 'n nieselfstandige eerste deel op o eindig, word met 'n koppelteken geskryf. Beide dele word met hoofletters geskryf. Byvoorbeeld:

- *Afro-Amerikaans, Anglo-Fries, Anglo-Normandies, Anglo-Saksies, Balto-Slawies, Gallo-Romaans, Indo-Europees, Indo-Iraans, Joego-Slawies, Ostro-Goties, Serwo-Kroaties, Turko-Tartaars*

'n Saamgestelde taalnaam wat uit twee name van tale of taalgebruikersgroepe bestaan, word met 'n koppelteken vas geskryf. Beide dele word met hoofletters geskryf. Byvoorbeeld:

- *Angel-Saksies, Fins-Oegries, Fries-Frankies, Maleis-Portugees*

'n Saamgestelde taalnaam waarvan die eerste deel 'n windrigtingnaam is, word met 'n koppelteken vas geskryf. Beide dele word met hoofletters geskryf. Byvoorbeeld:

- *Noord-Duits, Suid-Sotho, Oos-Fries, Wes-Germaans, Wes-Vlaams*

In 'n saamgestelde taalnaam bestaande uit 'n verboë byvoeglike naamwoord plus 'n basiese taalnaam, word die twee dele los geskryf. Beide dele word met hoofletters geskryf. Byvoorbeeld:

- *Kaapse Afrikaans, Klassieke Latyn, Nuwe Nederlands, Switserse Duits, Vroeë Nuwe Hoogduits*

Omdat *oud* nie verbuig word nie, skryf ons *Oudengels*. Wanneer ons egter *ou* se verboë vorm, *ou*, gebruik, skryf ons *Ou Engels*. Ander voorbeelde sluit in:

- *Ou Noors of Oudnoors*
- *Ou Germaans of Oudgermaans*
- *Ou Wes-Nederfrankies of Oud-Wes-Nederfrankies*

1.3 Woorde wat na keuse met hoof- of kleinletter geskryf kan word

Die name van diere rasse, kultivars en plantsoorte word met hoof- of kleinletters geskryf (dus volgens eie smaak, maar moet konsekwentheid gehandhaaf word. Byvoorbeeld:

- *Holstein of holstein*
- *Merino of merino*
- *Shiraz of shiraz*
- *Brie of brie*
- *Port of port*

Byvoeglike en selfstandige naamwoorde wat van eiename afgelei is, word met hoof- of kleinletters geskryf. Byvoorbeeld:

- *Bybels of bybels*
- *Gregoriaans of gregoriaans*
- *Jesuïet of jesuïet*
- *Christen of christen*

Byvoeglike en selfstandige naamwoorde wat van taalname of geografiese eiename afgelei is, word egter slegs met hoofletters geskryf. Byvoorbeeld:

- *Suid-Afrikaner, Amerikaner, Nederlander, Paarliet*
- *Afrikaanse, Engelse, Nederlandse, Griekse*

Afleidings van woorde wat eindig met *-is*, *-isme*, *-istiek* en *-isties* word met hoof- of kleinletters geskryf. Byvoorbeeld:

- *Boeddhis of boeddhis*
- *Anglisisme of anglisisme*

- *Germanistiek of germanistiek*
- *Neerlandisties of neerlandisties*

Vir meer oor die onderstreepte aspekte hieronder, kyk na die “Beter Afrikaans” webblad: <https://www.beterafrikaans.co.za/website/mob.php?pag=91>

- Woorde wat altyd met hoofletters geskryf word
- Woorde wat altyd met kleinletters geskryf word
- Woorde wat met hoofletters of kleinletters geskryf kan word
- Aanspreekvorme
- Soortname wat as eiename gebruik word
- Waar eiename met kleinletters geskryf word (eienaamverbleking)
- Die name van tale, diere en plante, en geldeenhede

2. TITELS:

2.1 Titels begin met kleinletters, tensy aan die begin van die sin of ’n aanspreekvorm.

Die skryfreëls wat hier bo gegee is, word toegepas al staan daar twintig titels voor die naam en al is die persoon hoe belangrik. (Die aanspreekvorme van hoogwaardigheidsbekleërs soos *Haar Majesteit* is ’n ander kwessie en word deur AWS 9.6 bereël.) Die reël geld of die titel nou uitgeskryf word en of die afkorting daarvoor gebruik word. Ons skryf met ander woorde:

Vra vir meneer Johann / Vra vir meneer Johann Strydom.

Ontmoet me Carla-Anne Oliphant / Ons stel vanaand vir ds Du Plessis de Lange voor.

Dit was gedurende sy jare as dosent by Wits dat prof Van Wyk Louw sy meesterstuk geskryf het.

In ’n tabel lyk dit so:

Titel	Voornaam	lw. / voegw./ voors.	Voornaam	lw. / voegw./ voors.	Van	lw. / voegw./ voors.	Van
<i>meneer</i>	<i>Johann</i>						
<i>meneer</i>	<i>Johann</i>						<i>Strydom</i>
<i>me</i>	<i>Carla-Anne</i>						<i>Oliphant</i>
<i>dokter</i>	<i>Irna</i>					<i>van</i>	<i>Zijl</i>
<i>dokter</i>						<i>Van</i>	<i>Zijl</i>
<i>dr</i>	<i>Adri</i>				<i>Janse</i>	<i>van</i>	<i>Rensburg</i>
<i>dominee</i>	<i>KM</i>			<i>du</i>	<i>Plessis</i>	<i>de</i>	<i>Lange</i>
<i>ds</i>				<i>Du</i>	<i>Plessis</i>	<i>de</i>	<i>Lange</i>
<i>professor</i>	<i>NP</i>	<i>van</i>	<i>Wyk</i>				<i>Louw</i>
<i>prof</i>		<i>Van</i>	<i>Wyk</i>				<i>Louw</i>
<i>generaal</i>	<i>Solomon</i>		<i>"Solly"</i>				<i>Radebe</i>
<i>president</i>	<i>Cyril</i>						<i>Ramaphosa</i>

As dieselfde titel aan die **begin van 'n sin** staan, word dit natuurlik wel met 'n hoofletter geskryf:

Me Carla-Anne Oliphant is die wenner.

Dominee KM du Plessis de Lange word vanaand voorgestel.

Generaal Solomon "Solly" Radebe sal die programrede lewer.

Waar 'n titel op sy eie 'n **aanspreekvorm** is, kan dit ingevolge AWS 9.5 met 'n hoofletter of 'n kleinletter geskryf word:

Onthou nou, dominee/Dominee, die erediens begin om negeuur.

My genugtig, generaal/Generaal, die troepe is al weer laat.

2.2 Punte by die afkortings van enkelvoudige titels en by voorletters is opsioneel.

Ingevolge AWS 3.13 mag jy die **afkortings van nie-saamgestelde titels en voorletters met of sonder punte** skryf. Die konvensie in die media is hedendaags om dit deurlopend daarsonder te skryf (dis altyd 'n kwessie van ruimte). By NONGQAI (as publikasie grootliks gemik op die geskiedenis van die veiligheidsmagte, met range dus belangrik) verkies ons om deurentyd punte te gebruik vir rang-afkortings sowel as voorletters – sien paragraaf 5.2 hieronder.

Die volgende is met ander woorde alles korrek, maar mens moet altyd konsekwent eenvormig bly:

Verwys die navraag na genl. Radebe. X Verwys die navraag na genl Radebe.

Die boekprys gaan aan me. L.M. Marx X Die boekprys gaan aan me LM Marx.

NB: Saamgestelde titels moet met die punte geskryf word:

Verwys die navraag na genl.maj. Sithole.

2.3. Titels word net voor eienaamwoorde afgekort.

As jy 'n titel (sonder die eienaamgedeelte) gebruik om na 'n persoon te verwys, word dié titel nooit afgekort nie. Dit word bepaal in riglyn 2 by hoofstuk 3 in die AWS, die hoofstuk wat oor afkortings handel. Jy kan byvoorbeeld skryf:

Stuur die brief aan mnr. Johann.

Stuur die brief aan mnr. Johann de Lange.

Stuur die brief aan mnr. J. de Lange.

Stuur die brief aan mnr. De Lange.

Maar jy kan nie so skryf nie:

**Stuur die brief aan mnr.*

Dit is dus jou keuse of jy die volvorm of die afkorting saam met die eienaam wil gebruik, die AWS skryf dit nie voor nie. Maar laat jou lei deur die soort teks wat jy skryf. As jy byvoorbeeld 'n amptelike dokument skryf of 'n lys maak, is die afkortings eintlik standaard. As jy literêre tekste skryf, word sulke titels nooit afgekort nie.

3. AANSPREEKVORME:

By die **aanhef van briewe** en ander dokumente is daar soms bietjie verwarring. Die maklikste om te onthou is dat die naam of titel van die persoon aan wie die brief gerig word, met 'n hoofletter gespél word. Byvoorbeeld:

- *Liewe Ouma*

- *Geagte Meneer*
- *Beste Oom*

Wanneer ons egter 'n persoon se **titel én naam/van** gebruik, word die titel met 'n kleinletter gespél. Byvoorbeeld:

- *Beste tannie Linda*
- *Geagte professor Van Wyk*
- *Geagte me. Susan du Toit*
- *Beste dokter Herman*

Sekere **formele aanspreekvorme** word altyd met hoofletters geskryf. Byvoorbeeld:

- *U Edelagbare*
- *U Hoogheid*
- *U Majesteit*

Wanneer 'n mens sulke persone **adresseer** (op 'n koevert), word die *U 'n Sy, Haar* of *Hulle*, en word steeds met hoofletters geskryf. Byvoorbeeld:

- *Haar Edele regter Moshe*
- *Haar Majesteit die Koningin*
- *Sy Majesteit koning Willem-Alexander*

Ons skryf **saamgestelde range** en **ampsbenamings** met koppeltekens. Byvoorbeeld:

- *direkteur-generaal*
- *luitenant-kolonel*
- *skout-by-nag*

Wanneer ons egter een van die volgende woorddele as deel van 'n titel, rang of ampsbenaming gebruik, word dit sonder 'n koppelteken vas geskryf:

- **adjunk:** *adjunkdirekteur*
- **amateur:** *amateurbokser*
- **aspirant:** *aspirantleier*
- **assessor:** *assessorlid*
- **assistent:** *assistentredakteur*
- **hoof:** *hoofbestuurder*
- **kandidaat:** *kandidaatoffisier*
- **konsult:** *konsultingenieur*
- **leerling:** *leerlingstoker*
- **mede:** *medeprofessor*
- **onder:** *ondervoorsitter*
- **oud:** *oudvoorsitter*
- **staf:** *stafsersant*
- **sub:** *subredakteur*
- **visie:** *viserektor*

Let op! As een van hierdie woorddele egter met 'n saamgestelde rang of ampsbenaming gekombineer word, word al drie dele met koppeltekens geskei. Byvoorbeeld:

- *adjunk-direkteur-generaal*
- *assistent-regter-president*
- *oud-sekretaris-generaal*

Die meervoud van saamgestelde range en ampsbenamings word meestal op die tweede deel aangedui. Byvoorbeeld:

- *adjutant-offisiere*
- *luitenant-generaals*
- *luitenant-kolonelle*

Daar is egter 'n paar uitsonderings waar die meervoud op die eerste lid aangedui word. Byvoorbeeld:

- *direkteurs-generaal* of *direkteure-generaal* (die persoon is 'n direkteur, nie 'n generaal nie)
- *posmeesters-generaal* (die persoon is 'n posmeester, nie 'n generaal nie)
- *regters-president* (die persoon is 'n regter, nie 'n president nie)
- *sersante-majoor*,
- *generaals-majoor* (die persone is sersante of generaals, nie 'n majoor nie).

4. WOORDE LOS OF VAS SKRYF:

Die los of vas skryf van woorde lewer sekerlik van die meeste probleme in Afrikaans op. In Afrikaans word **afsonderlike woorde los geskryf**, maar **woorddele aan mekaar geskryf**. Dit is egter hier waar die probleem inkom, want dit is nie altyd duidelik wat 'n woorddeel en wat 'n selfstandige woord is nie.

Komplekse woorde (dit is woorde wat uit meer as een woorddeel bestaan, waaronder **samestellings**) word altyd vas geskryf.

4.1 Samestellings is woorde wat uit twee of meer woorddele bestaan. Hierdie soort woorde moet vas geskryf word. Byvoorbeeld:

- *tafel + poot = tafelpoot*
- *boek + winkel = boekwinkel*
- *gunsteling + kos = gunstelingkos*

4.2 Hoe weet ek of 'n woord 'n samestelling is (en dus vas geskryf moet word)?

Dit is 'n moeilike vraag waarop daar nie 'n maklike antwoord is nie. Daar is egter 'n aantal toetse wat 'n mens kan gebruik om te bepaal of 'n woord 'n samestelling is (en dus vas geskryf moet word). Byvoorbeeld:

4.2.1. Klemtoontoets

(Die klemtoontoets is die beste toets om te gebruik om te bepaal of twee woorde los of vas geskryf moet word.)

Die algemene beginsel in Afrikaans is dat die linkerdeel van 'n samestelling gewoonlik die hoofklem dra; daarenteen het woorde in 'n woordgroep meestal gelyke woordklem. Vergelyk byvoorbeeld:

- *Daardie boom het 'n géél wórtel (of geel wórtel)*. Dit is dus nie 'n samestelling nie en word los geskryf.
- *Ek het 'n géélwortel vir die donkie gegee*. Dit is dus 'n samestelling en word vas geskryf.

4.2.2 Omstelbaarheidstoets: Hierdie toets kan veral gebruik word om te bepaal of 'n byvoeglike naamwoord (soos *geel*) los of vas aan 'n selfstandige naamwoord (soos *wortel*) geskryf moet word.

Die algemene beginsel in Afrikaans is dat die linkerdeel van 'n samestelling nie na 'n ander posisie in die sin geskuif kan word sonder om die betekenis te beïnvloed nie; daarenteen kan woorde in 'n woordgroep verskuif word (omgestel word). Vergelyk byvoorbeeld:

- *Daardie boom het 'n geel wortel.*
Die wortel van daardie boom is geel.

Die betekenis van die eerste en tweede sin is dieselfde, en daarom is dit dus nie 'n samestelling nie.

- *Ek het 'n geelwortel vir die donkie gegee.*
Ek het 'n wortel wat geel is, vir die donkie gegee.

Die eerste en tweede sin beteken nie dieselfde nie; *geelwortel* is daarom 'n samestelling.

4.2.3 Skeibaarheidstoets: In Afrikaans is die beginsel dat daar nie 'n ander woord tussen die linkerdeel en regterdeel van 'n samestelling ingevoeg kan word nie; daarenteen kan woorde in 'n woordgroep deur ander woorde geskei word. Vergelyk byvoorbeeld:

- *Daardie boom het 'n geel wortel.*
Daardie boom het 'n geel, seningrige wortel.

In hierdie sin sê *seningrige* iets meer oor die wortel; dit bly egter nog steeds dieselfde wortel waarna verwys word. Dit is daarom nie 'n samestelling nie.

- *Ek het 'n geelwortel vir die donkie gegee.*
Ek het 'n geel, seningrige wortel vir die donkie gegee.

Die tweede sin beteken nie dieselfde as die eerste sin nie, aangesien die spreker nie nou meer na daardie ding verwys wat die Engelse 'n "carrot" noem nie.

Let op dat sogenaamde **afstandsamestellings** 'n spesiale kategorie van samestellings is wat wél deur 'n byvoeglike naamwoord (soos *uitvoerende*) of telwoord (soos *eerste*) geskei kan word. Om aan te dui dat die woord eintlik 'n samestelling is, gebruik ons dan die **afstandskoppelteken**.
Byvoorbeeld:

- *hoof- uitvoerende beampte* (die samestelling is eintlik *hoofbeampte*)
- *adjunk- eerste minister* (die samestelling is eintlik *adjunkminister*)

4.2.4 Leesbaarheidstoets:

As 'n opeenvolging van dieselfde of verskillende vokaalleters tussen die dele van samestellings daartoe lei dat die woord verkeerd gelees word, word 'n koppelteken tussen die dele geplaas.

Dieselfde vokaalleters by die verbindingspunt:

- *bo-op / na-aap*
- *senu-uitputting*
- *toe-eien*
- *vroue-emansipasie*
- *foto-omslag*
- *diere-epos*
- *Comorre-eiland / Maagde-eiland*

Verskillende vokaalleters by die verbindingspunt:

- *bo-ent*
- *koedoe-ingewande*
- *bo-ingang*
- *buite-uitsending*
- *kiwi-eier*
- *presisie-instrument*
- *senu-ineenstorting*
- *studente-unie*

By sommige woorde met 'n opeenvolging van vokaalletters wat nie moeilik of verkeerd gelees word nie, hoef daar nie 'n koppelteken ingevoeg te word nie. Die gebruiker kan self daarvoor besluit:

- *boaan of bo-aan*
- *negeuur of nege-uur*
- *ruolie of ru-olie*
- *syngang of sy-ingang*
- *taxioorlog of taxi-oorlog*
- *studieobjek of studie-objek*

As die lettergreepverdeling in 'n woord nie heeltemal duidelik is nie of as die woord om dié rede meer as een betekenis kan hê, kan 'n koppelteken gebruik word om die korrekte lettergreepverdeling aan te dui. Byvoorbeeld:

- *bo-sluis* teenoor *bosluis*
- *rooi-sel* teenoor *rooisel*
- *dop-ertjie* teenoor *dopertjie*
- *pronk-ertjie* teenoor *pronkertjie*
- *sand-aal* teenoor *sandaal*
- *tromp-op* teenoor *trompop*

(Ontleen aan: www.beterafrikaans.co.za & www.viva-afrikaans.org – Sophia Kapp)

5. SPESIFIEKE TOEPASSINGS VIR POLISIE, WEERMAG EN STAASDIENS/DEPARTEMENTE

5.1 Die skryf van veral polisie range: Range word ALTYD met kleinlettertjies geskryf. Wanneer range voor 'n naam gebruik word, word die rang afgekort met 'n punt na die afkorting voor die naam of van. Byvoorbeeld: genl. Johan van der Merwe. Wanneer die aanspreekvorm van 'n rang in 'n sin gebruik word sonder 'n naam daarna, word dit uitgeskryf, (generaal) maar steeds met klein lettertjies. Wanneer dit kom by dubbeldoor range soos luitenant-generaal word dit met 'n deelteken geskryf, maar wanneer die afkorting gebruik word is dit lt.genl. (sonder die deelteken, met net 'n punt tussen in). Dit geld vir alle dubbeldoor range. Die enigste uitsondering op die reël is dié van ADJUDANTOFFISIER. Dit word aanmekaar geskryf. By adjudantoffisier is daar ook drie verskillende afkortings wat gebruik word deur die drie verskillende taal ghoeroes. (a) “Skryf Afrikaans” gebruik die afkorting AO, maar Pansegrouw gebruik die afkorting ao (die koerante gebruik ook algemeen hierdie selfde afkorting) terwyl AWS die afkorting adj.off. gebruik. Enige van die drie is dus in orde – mens moet dus in 'n bydrae een vorm kies en dan net konsekwent bly.

5.2 Voorletters: Volgens “Skryf Afrikaans” word in alle gevalle punte tussen voorletters gebruik maar nie spasies nie; byvoorbeeld H.B. Heymans (nie H B Heymans nie) behalwe waar die persoon se voorletters ook in algemene omgang sy naam is – goeie voorbeelde hiervan is FW de Klerk, PW Botha, PJ Smith ensovoorts.

5.3 Byname: Wanneer 'n persoon se regte naam saam met sy bynaam gesitêr word, word die bynaam in hakies geskryf, nie tussen aanhalingstekens nie. Piet (Platsak) Poggenpoel. As net die bynaam gebruik word is dit hoofletter sonder aanhalingstekens. Daar moet voorkom word dat voorletters in een reëltye geskryf en die van dan in 'n volgende lyn geskryf word. Voorletters en van moet alles in een reëltye geskryf word, maar as die naam voluit gebruik word is dit nie nodig nie.

5.4 Staatsdepartemente se name: Dit word met kleinlettertjies geskryf, maar wanneer dit saam met die woord departement gebruik word is dit hoofletters. Departement van Binnelandse Sake, maar binnelandse sake in die algemeen. Wanneer die woord minister, president of eerste minister

gebruik word soos byvoorbeeld in “die minister” is dié in klein lettertjies, maar wanneer gepraat word van die minister van Onderwys, is die woord onderwys met 'n hoofletter.

5.5 Name van howe word altyd met kleinlettertjies geskryf: hooggeregshof, landdroshof, streekhof konstitusionele hof.

5.6 Afkortings en akronieme: By **NONGQAI** gebruik ons nie graag afkortings in die middel, aan die begin of aan die einde van 'n sin nie. Woorde/woordpare soos “byvoorbeeld, ensovoorts, in gevolge van, met betrekking tot” word voluit geskryf, want die gebruik van afkortings versteur die leser se lees van enige artikel. Wanneer 'n instansie of publikasie se naam met 'n akroniem aangedui wil word (byvoorbeeld AWS – Afrikaanse Woordelys en Spelreëls; of VN – Verenigde Nasies), dan word die volle naam by eerste sitering in 'n bydrae volledig uitgeskryf, met die akroniem direk daarna in hakies geplaas, en daarna word dan net die akroniem gebruik, sonder hakies.

5.7 Sinne word verkieslik nie met – 'n – begin nie. Indien dit nie anders kan nie is daar weer eens twee verskillende maniere wat deur die verskillende handleidings voorgeskryf word. (a) **'n nuwe** (met beide die woorde kleinlettertjies) en **'n Nuwe**, maar 'n hoofletter 'N word nooit aan die begin van 'n sin gebruik om die 'n tot hoofletter te probeer maak nie.

(met dank aan **Sarie van Niekerk, NONGQAI se vroue-redakteur en ons in-huis taal ghoeroe**)

B. FORMAAT

Bladsy-grootte: **NONGQAI** se blad-grootte is A4 en die kantlyn-stellings (“margins”) is nou, oftewel “narrow” in Microsoft Word se uitleg-terme. Ons verkies bydraes wat per e-pos gestuur word en in Microsoft Word getik is.

Lettertipe: Ons gebruik “Arial”, met die teks in 12-punt grootte. Opskrifte is in 16 punte, “bold”, en die naam van die outeur in 14 punte, “bold” en in kursief (“italics”). Die teks word in blokvorm (“justified”) geformateer, met die kantlyne aan weerskante wat reguit af loop.

Paragrafe en inkeping: Paragrafe begin vas teen die linkerkantste kantlyn en word nie ingekeep nie. Tussen paragrawe kom daar 'n volledige lyn-breek (nie die outomatiese “spring-stelling” wat mens met MSWord kan stel nie, maar wel 'n harde lyn-breek ingevoeg met die druk van die “enter”-toets op die rekenaar se toetsbord).

Indien u self u konsep bydrae wil formateer tot persklaar, met insluiting bv van fotos, moet u asb in gedagte hou dat daar onder-aan elke bladsy spasie gelaat moet word vir die bladsynommer en die **NONGQAI** volume- en uitgawe-nommer (met ander woorde, 'n sogenaamde “footer”).

C. KOPIEREG

NONGQAI, as synde 'n gratis opvoedkundige publikasie sonder 'n wins-oogmerk, geniet onder Suid-Afrikaanse reg vrystelling van kopiereg-beperinge wat geld vir ander publikasies wat oop geldmaak ingestel is. Wat dit beteken is dat ons materiaal ontleen aan ander publikasies/outeurs mag oorneem en her-publiseer, sonder om daardeur vir onself klagtes van kopiereg-skending op die lyf te loop.

Ongeag hierdie wyse vrystelling wat opvoedkundige publikasies soos ons s'n geniet, is dit tog egter net ordentlik en reg dat mens die intellektuele produkte van andere erken, wanneer mens daarvan

gebruik maak. Eerstens om nie aan plagiaat skuldig te wees nie (dit is, wanneer mens ander se werk as jou eie laat voorkom, deur nie die bron te erken het nie). Tweedens, om veral fotos en grafika na behore te identifiseer, wat hulle oorsprong betref.

Wanneer u dus u bydrae illustreer met paslike visuele materiaal – iets wat ons baie sterk aanmoedig, want dis gewis só dat ‘n foto die spreekwoordelike duisend woorde spreek – dan moet u asb die bron duidelik aantoon. Solank as wat mens dit doen, sal daar nie vingerwysings wees na moontlike kopiereg-skending of on-etiese gebruik nie en kan u dus vryelik van enige sulke materiaal gebruik maak, sonder om uself bv te gaan beperk tot slegs maar fotos of visuele uitbeeldings wat uitdruklik nie op kopiereg-beskerming aanspraak maak nie (met ander woorde, die sg. “royalty free” fotos en/of grafika en kaarte). Laasgenoemde behoort mens se eerste soek-punt te wees, maar u kan dus ook regmatiglik ander materiaal gebruik – onderworpe daaraan dat u, kragtens ons etiek hier by **NONGQAI**, die bron baie duidelik identifiseer en siteer.

‘n Ander etiese norm wat u asb in aanmerking moet neem, is dat **NONGQAI** streng staan daarop dat ons slegs bydraes sal publiseer waarin daar na derde persone wat steeds in die lewe is, verwys word op ‘n wyse (of dit nou so bedoel is of nie) wat deur daardie persoon as negatief vir sy/haar beeld gesien mag word, as ons nie eers aan daardie derde party die geleentheid gegee het om ‘n repliek te lewer wat ons dan saam met die oorspronklike bydrae plaas. As voorbeeld – in u loopbaan mag u dalk as ondersoekbeampte ‘n verdagte ondervra het, wat nou ‘n leidende posisie in die samelewing beklee. In u ondersoekdagboek het u aangeteken dat die persoon destyds tydens ondervraging insiklik was en inligting verskaf het oor ander verdagtes. Daardie samewerking is destyds egter nooit openbaar as bv deel van ‘n publiek-toeganklike hofrekord nie. Nou rapporteer u dit wat u as ‘n feit beleef het, in ‘n bydrae wat u vir ons stuur. Uiteraard is dit nuuswaardig, maar dis ons joernalistieke plig, eties-gesproke, om u bydrae aan daardie persoon voor te lê vir repliek al-eer ons publiseer (want sy perspektief op die destydse gebeure mag – reg of verkeerd – heel anders wees as hoe u dit beleef het; as die skoen aan die ander voet was, sou u tog op dieselfde beginsel aangedring het). Dit gaan dus oor eerbaarheid en die bewaar van ons nasionale veiligheidsgeskiedenis “sonder kwaadwilligheid”, soos wat ons eie leuse sê.

Dieselfde geld vir gebeure wat destyds onderhewig mag gewees het aan amptelike sekerheids-klassifikasie; die vraag sal dan wees of daardie klassifikasie huidig enige toepassing sou hê – dus, of die openbaar van sulke inligting nou, steeds die land se veiligheid mag benadeel, of nie.

Ons waardering weer vir al die puik bydraes wat ons ontvang en waarsonder **NONGQAI** nie kan bestaan nie, en ons geskiedenis nie bewaar kan word nie – ons hoop hierdie handleiding sal u help om nog meer bydraes in te stuur! **Dankie by voorbaat daarvoor.**

U bydraes kan u e-pos aan brigadier Hennie Heymans: heymanshb@gmail.com

